# 10 Junie 2023 - Lesing 45 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die doel van die teenstander: verwoesting – 18/11/57

**NO: 6971** Talle wêrelde het al voortgekom deur My Wil en tallose wêrelde sal nog ontstaan. Want die werk om die geestelike terug te voer het dit nodig, omdat al die eens gevalle geestelike weer in die werkproses opgeneem moet word, indien dit weer nader aan My wil kom. En elke afsonderlike wêreld gee die geestelike die moontlikheid om aktief te word, ofskoon My Wil vooraf bepalend is en die taak toewys, wat die in die diepte gevallenes help om stadig weer opwaarts te gaan.

**Alle wêrelde dien slegs een doel naamlik die terugvoering van die eens gevalle geestelike.**

En alle wêrelde word daarom deur My Wil regeer. Hulle is onderworpe aan My wet van orde. Hulle getuig van My Liefde, My Wysheid en My Mag.

Tog is hul oersubstansie **die geestelike wat van My afgeval het** en behoort dus nog aan My teenstander, wie Ek egter op die oomblik van die skepping van hierdie wêrelde **die mag oor die geestelike ontneem het,** omdat hulle andersins ewiglik nie uit die diepte omhoog sou kon klim nie.

Maar My teenstander is op hoogte van die eindelose aantal van diegene wat hom in die diepte gevolg het en hierdie kennis versterk hom in sy vyandige opstelling teenoor My. Dit versterk hom in die mening om My eenmaal te kan onttroon en versterk sy haat, omdat Ek hom 'n groot deel van sy aanhang ontruk het, wat - gebonde in die werke van die skepping - die weg van die terugkeer begin het. En daarom hou hy nie op om sy verwoestende invloed uit te oefen nie, dit wil sê dat hy daarop afstuur dat soveel moontlik skeppingswerke vernietig moet word, in die geloof dat hy die gekluisterde daaruit kan bevry en hulle weer self in besit kan neem.

Dit is nie vir homself moontlik om verwoestend besit te hou van die skeppingswerke nie, **omdat die mag daaroor hom ontneem is.** Maar sy verwoestende invloed oefen hy uit gedurende die tyd wat die geestelike in die laaste stadium aangekom het, **waarin hulle weer in besit gestel is van die vrye wil** en My teenstander die reg het om hierop in te werk, omdat die eens gevalle geestelike nou vry moet besluit **vir My of vir My teenstander.** En in hierdie tyd probeer hy nie net om die mense self terug te wen nie, maar hy probeer om hom ook meester te maak van die nog gebonde geestelike, deurdat **hy hulle aanspoor om skeppings te vernietig,** wat My Liefde laat ontstaan het om die geestelike te help om na My terug te keer.

Die gebied van die teenstander **is die aarde wat deur die mens bewoon word**. En in hierdie gebied is hy besig op waaragtig sataniese wyse. Die mense is die doelwit van sy aktiwiteite, want slegs teenoor hulle kan hy sy invloed uitoefen. Want tot die ander skeppingswerke, tot die ontelbare wêrelde in die heelal, **het hy geen toegang nie**. Maar hy glo dat hy ook nog in hierdie wêrelde toegang sal kry, waarin hy egter nooit sal slaag nie. Sy verwarde denke dra hy egter ook oor op die mense.

Ook hulle probeer hy oortuig dat hulle ander wêrelde in besit kan neem. En hy vind ook in hulle afhanklike dienaars, wat hul hierdie gedagtes eie maak en dieselfde nastreef as hy. **Hy verwar ook hul denke** en laat hulle die mees ongeloofliksste pogings onderneem om tot dusvêr geldende grense te deurbreek, om die wêrelde te ondersoek, **wat vir hulle ontoeganklik is**.

Die teenstander laat hulle glo dat hulle hierdie hindernisse kan afbreek en hy vind ook gehoor, wanneer hy die mense aanspoor tot ondersoeke van heeltemal sinnelose aard. Want al hierdie ondersoeke het **geen verdere geestelike ontwikkeling ten doel nie** en kan daarom ook nooit ooreenstem met My Wil nie.

En hy sal nog minder 'n vernietigende uitwerking hê op skeppingswerke wat Ek buite die aarde laat ontstaan het, juis omdat nóg My teenstander, nóg die mens die reg besit om oor die skeppings te heers, omdat My Wil elke skeppingswerk ook sy bestaan waarborg, totdat Ek Self die tyd ryp sal ag, waarin sy doel vervul sal wees **en hy weer opgelos kan word in suiwer geestelike substansie**.

Die pogings van die teenstander sal egter 'n steeds **meer bedreigende vorm** aanneem, hoe nader die einde kom. Hy spoor die mense aan tot **proefnemings** wat die einde van hierdie aarde nog sal bespoedig. Op die aarde vind die proefnemings plaas en op die aarde self werk hulle hulself uit. Die doel van die mense betref wel die sfere buite die aarde, maar wat hulle sal bereik, is 'n duidelike bewys van sataniese beïnvloeding. Want die lewensvoorwaardes op aarde word verander. En daar word vir **mens en dier skadelike veranderinge** van die lug geskep teen hul sin. En die aarde sal self 'n vuuroond word, wat eens ook sy slagoffers sal opeis. **Want die verwoesting van hierdie aarde is die hoofdoel van My teenstander**. En omdat die mense baie erg in sy mag geraak het, sal hy ook slaag, maar sonder om vir hom die geringste voordeel te bring. Want hy sal sy aanhang nie terugwen nie. Inteendeel, hy sal hulle des te sekerder verloor.

Sy doel is die **verwoesting van die skeppings**, wat Ek laat ontstaan met die doel om die geestelike terug te voer. En deur die mense op hierdie aarde sal hy veel bereik.

Maar nooit sal hy in die domein van ander wêrelde wat deur My geskape is, verwoestend werksaam kan wees nie, omdat die mag daartoe hom ontbreek en 'n invloed op die geestelike slegs aan hom toegestaan is, **wanneer hulle as mens oor die aarde gaan**. En so sal julle daaruit kan aflei dat ook die vyand dit nie sal kan

uitvoer om besit te neem van die heelal nie en dus ook nie die mense wat sulke planne ontwerp en meen om gebiede in die heelal te kan bemeester kragtens hulle intelligensie nie. Hulle kan wel proewe doen en hul proewe steeds verder uitbrei, maar hulle sal onvermydelik die dood vind wanneer hulle buite die bereik van hierdie aarde gaan.

Maar ook dit is die bedoeling van My teenstander, dat daar **geen skeppende Outoriteit meer erken moet word nie**, en die mense hulself bekwaam beskou om elke natuurwet wetenskaplik te kan ondersoek, sodat die verwydering tussen die mense en My steeds groter sal word. Hy sal veel bereik, maar hy sal nie in My skeppings- en heilsplan kan ingryp nie. Hy sal slegs 'n heillose verwarring kan aanrig in die denke van al diegene wat hulleself in sy mag bevind en sy aanwysings blindelings opvolg, totdat sy werksaamheid uiteindelik sulke vorme sal aanneem, **dat die mense self die aardbol in gevaar sal bring,** dat hulle sonder beswaar sal eksperimenteer en - omdat Ek heeltemal uit hulle gedagtes uitgeskakel is - 'n alles **vernietigende katastrofe in werking sal stel wat die einde van hierdie aarde en elke lewende skepsel daarop beteken.**

Vooraf sal Ek nog 'n ernstige aanmaning na die mense laat uitgaan, wat hulle slegs van die onsinnigheid van hul plan bewus laat word. **Ek sal hulle uit die heelal 'n waarskuwing stuur.** Ek sal die aarde in ’n gevaar bring, wat sonder menslike invloed teweeggebring sal word. **Ek sal 'n hemelliggaam uit sy baan laat breek**, wat julle mense nie sal kan teëgaan nie, waaraan julle magteloos oorgelewer sal wees om aan julle te toon dat Ek alleen die Een is Wie die wêreld beheer en alle daarin bevindende skeppings. En hulle sou daardeur nog tot insig kan kom en hulle planne opgee.

Maar julle het reeds te veel aan My teenstander ten prooi geval. En so sal die einde kom, soos dit verkondig is. **Die aarde sal ontvlam** en die mense sal self daartoe aanleiding gee, omdat hulle hom volg en gehoorsaam, **wat alles wil verwoes en verniel**. Amein.